**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 408/07

**DIE STAAT**

*versus*

**TSOEU JOHANNES TUMISI** Beskuldigde 1

**SABATA PAUL TUMISI** Beskuldigde 2

---

**CORAM:** VAN DER MERWE R *et* VOGES WND R

---

**UITSPRAAK:** VOGES WND R

---

**GELEWER OP:** 28 JUNIE 2007

---

Hierdie saak dien op hersiening voor hierdie hof, nadat die twee beskuldigdes op 28 Februarie 2007 in die landdroshof Ficksburg skuldig bevind is op twee aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die aanklagte is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en elkeen van hulle is op 1 Maart 2007 gevonnis tot 'n boete van R1 000 of, in die alternatief, 6 (ses) maande gevangenisstraf.

Dit was hulle ten laste gelê dat hulle die klaagster in aanklag 1 aangerand het deur haar met vuiste te slaan, met 'n mes te steek en te byt. Haar man, die klaer in aanklag 2, is met 'n mes gesteek.

Uit die klaagster se getuienis blyk dit dat daar die betrokke middag 'n onderonsie tussen haar en die beskuldigdes was. Aldus die klaagster het die twee beskuldigdes haar toe met gebalde vuiste aangerand. Haar dogter het tussenbeide getree en klippe na beskuldigde 1 gegooi, waarop hy weggehardloop het. Beskuldigde 2 het haar daarop aan die pols gebyt, met 'n kierie geslaan en met 'n mes bokant die regteroog gesteek. Sy het hom ook op die wang gebyt. Toe haar man op die toneel opdaag, het beskuldigde 2 hom ook met 'n mes gesteek.

Die klaer voer aan dat hy met sy tuiskoms gesien het dat die klaagster bloei. Hy het nader gegaan om te help en is toe deur beskuldigde 2 met 'n mes op die rug gesteek. Beskuldigde 1 het niks aan hom gedoen nie, maar het daar naby gestaan.

In antwoord op die getuienis van die staatsgetuies het beskuldigde 1 getuig dat die klaagster ontevrede was omdat hulle beeste op haar perseel gewei het. Sy het hulle toe beledig. Haar man en kinders het klippe na hulle gegooi, hyself het weggehardloop, maar hulle het beskuldigde 2 gevang en aangerand. Die klaer se seun wou na beskuldigde 2 steek met 'n mes, maar het die klaer getref.

Beskuldigde 2 bevestig dat die klaer, die klaagster en hul kinders hom vasgegryp het. Toe hy losruk, het hy die klaagster met die elmboog bokant die oog gestamp, vandaar haar besering. Hyself is met ‘n klip op die wang raakgegooi toe hy weghardloop. Hy bevestig dat die klaer deur sy eie seun raakgesteek is.

Die verhoorlanddros het die staatsgetuies se getuienis aanvaar en die beskuldigdes se getuienis tereg as vals verwerp. Die twee beskuldigdes is daarop aan beide aanklagte skuldig bevind op die grondslag van ‘n gemeenskaplike opset.

In verdere redes deur die verhoorlanddros verskaf ten aansien van die skuldigbevinding van beskuldigde 1, stel hy dit as volg:

> “In respect of count 2, it is indeed accused 2 who stabbed the second complainant on the back. Accused no 1 had been pelted with stones by the first and second complainant’s daughter and fled and thus could not assist his brother accused 2 to carry out their plans.

Of utmost importance, the state of affairs that ensured was entirely and created by the conduct of both accused’s intentional and unlawful conduct. Stating it loosely, the doctrine of common purpose states that the act of one of the co-perpetrators is imparted on the other co-perpetrators who acts in concert with the former in fulfilling the common purpose.
Hence, accused no 1 was convicted of count 2 on these basis as a co-perpetrator in respect of that count!”

Op die getuienis beoordeel, kan, myns insiens, nie bevind word dat die twee beskuldigdes met ‘n voorafbepaalde gemeenskaplike opset die klaagster of die klaer aangerand het nie. Hul ontmoeting met die klaagster die betrokke dag was bloot toevallig. Net so het hulle nie voorsien dat die klaer daar sou opdaag nie.

Wanneer daar nie bewys van ‘n voorafgaande afspraak is nie, kom die vereistes uiteengesit in **S v MGEDEZI AND OTHERS** 1989 (1) SA 687 (AD) en **S v SAFATSA AND OTHERS** 1988 (1) SA 868 (A) ter sprake en moet dit vasstaan dat die beskuldigde (beskuldigde 1 in hierdie geval)

(i) op die toneel van die aanranding teenwoordig was;

(ii) bewus was van die aanranding;

(iii) gemenesaak gemaak het met die aanrander;
(iv) homself aktief met die optrede van die aanrander vereenselwig het;
(v) met die nodige *mens rea.*

Wat aktiewe assosiëring met die aanranding aanbetref, is dit die uitdruklike getuienis van die klaagster dat beskuldigde 1 na die aanvanklike vuishoue nie meer op die toneel was en geen aktiewe handeling verrig het ten tye van die aanranding nie. Net so getuig

die klaer dat beskuldigde 1 ook wat die aanranding op hom aanbetref geen daad van assosiëring gepleeg het nie.

Ek is gevolglik oortuig dat die skuldigbevinding van beskuldigde 1 nie ooreenkomstig die reg is nie. Hy het hom hoogstens skuldig gemaak aan aanranding gewoon ten opsigte van die klaagster in aanklag 1 deur die toediening van vuishoue.

Dit volg dan noodwendig dat die vonnis ten aansien van beskuldigde 1 gewysig moet word. Daar is voldoende inligting op rekord om hierdie hof in staat te stel om 'n alternatiewe vonnis te bepaal.

Die skuldigbevinding en vonnisse van beskuldigde 2 op beide die aanklagte blyk ooreenkomstig die reg te wees.

Die volgende bevel word gemaak:

1. Die skuldigbevinding van beskuldigde 1 op beide aanklagte word tersyde gestel en vervang met die volgende:

   Aanklag 1: Skuldig: Aanranding

2. Die vonnis van beskuldigde 1 word as volg gewysig: Aanklag 1: R250 of 30 (dertig) dae gevangenisstraf.

3. Die skuldigbevinding en vonnis van beskuldigde 2 op beide aanklagte word bekragtig.

**M. VOGES, WND R**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

MV/sp